Publication: Rapport (Gauteng), Beleef


Date: Sunday, August 22, 2021

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**




# ’n Trust in die buiteland

’N Leser uit Gauteng laat weet daar is mense wat links en regs buitelandse trusts, in dié geval ’n trust in Guernsey, aanbeveel as ’n manier om belasting te vermy. Kom ons kyk.

’n Trust, enige trust, is net een stukkie gereedskap wat ons kan aanwend om sekere finansiële beplanningsdoelwitte te bereik. Byvoorbeeld in boedelbeplanning. En ja, daar kan belastingvoordele in wees, maar dit is nie die enigste, of selfs die hoofdoel, van ’n trust nie (ook nie van boedelbeplanning nie).

’n Trust word geskep tot voordeel van begunstigdes en om bates te beskerm. ’n Trust werk op die beginsel dat die trustoprigter, of skenker, bates aan sy trustees oordra wat dit moet bestuur tot voordeel van begunstigdes. Daar is dus drie partye.

Die belangrikste punt met ’n trust is dat trustbates nie meer joune is nie. Ongelukkig het hierdie basiese beginsel van ’n trust se werking nog nie kop toe gegaan by die meeste mense nie. En daarom dat die SA Inkomstediens die skuiwergate met trusts oor ’n paar jaar nou al toegemaak het. En ons howe het ook die klug met trusts ernstiger begin opneem en daar is gereeld uitsprake waar trustbates in ag geneem moet word by egskeidings en dies meer.

Dis sommer ’n stukkie agtergrond.

### Jy moet skenk of verkoop

Waar staan ons met belasting en veral waar ’n buitelandse trust ter sprake is?

Kom ons sê die trust is geskep. Sommer dan al tref jy jou eerste belastingprobleem. Jy sit nie sommer iets in ’n trust, soos wat ek hoor mense praat nie. Jy skenk dit. Of jy verkoop dit aan die trust op leningsrekening, wat sy eie katnes van probleme oopkrap.

Skenk jy dit, word geskenkbelasting van 20% op die markwaarde van die bate gehef (jou jaarlikse vrystelling is R100 000). As dit ’n nie-roerende bate is, is daar ook kapitaalwinsbelasting van tot 18% ter sprake. Belastingvoordeel? Nie wat ek kan sien nie.

### Die halwe storie

Kom ons aanvaar dis nou gedoen en jou bates, of liewer dit wat jou bates was, word in ’n trust gehou in Guernsey. Lesers kan nou maar verder oordeel in hoe ’n mate halwe waarhede leuens of waarhede is.

**Halwe waarheid:** ’n Trust in Guernsey betaal nie belasting nie.

**Waarheid:** Dis net as al die begunstigdes nie-inwoners van Guernsey is. En op voorwaarde dat die trust geen inkomste vanuit ’n bron in Guernsey ontvang nie. Maar as hy inkomste uit ’n Suid-Afrikaanse bron ontvang? Dan moet hy soos almal van ons hier belasting daarop betaal.

Goed, as al die begunstigdes van die trust Suid-Afrikaners is en hy verdien geen inkomste uit Suid-Afrikaanse bronne nie, wat is dan die probleem?

Die Suid-Afrikaanse belastingstelsel. Dis die probleem. Nie die Guernsey-trust nie. Ons Jan Taks is lankal nie onder ’n kalkoen uitgebroei nie. Hy heet immers “die belastinggaarder”. Suid-Afrika het ’n inwoner-gegronde belastingstelsel. Met ander woorde, as jy hier woonagtig is, betaal jy hier belasting op jou wêreldwye inkomste en wêreldwye kapitaalwinste.

Nou moet ek ongelukkig eers ’n bietjie belasting-tegnies raak. Inkomste in ’n trust werk op die sogenaamde deurvloeibeginsel. As die trust rente verdien en dit in dieselfde belastingjaar aan ’n trustbegunstigde toedeel, dan betaal die begunstigde die belasting daarop. Die inkomste behou dus sy vorm, in dié geval rente.

Word die inkomste egter in die trust gehou, verloor daardie inkomste sy vorm en kan dit in latere jare belastingvry aan begunstigdes toegeken word. Hou in gedagte dat dit is nadat die trust reeds 45% belasting daarop betaal het, terwyl as dit in dieselfde jaar aan ’n begunstigde toegeken word, die belastingskaal tussen 18% en 45% sou wees.

Wat nou van die buitelandse trust wat nie belasting betaal op inkomste nie, soos die een onder bespreking? Dan kan die trustees in daaropvolgende jare mos die inkomste belastingvry uitkeer, of hoe? Ek meen dis een van die wanopvattings wat tot halwe waarhede lei.

Die skuiwergat is in 2001 al toegestop. Inkomste wat in ’n buitelandse trust (wat nie belasting betaal nie) teruggehou word en later aan die begunstigde toegeken word, is belasbaar as wêreldwye inkomste in die hande van daardie begunstigde. ’n Soortgelyke teenvermydingsmaatreël geld vir kapitaalwinste.

Daar is vele ander teenvermydingsmaatreëls, soos gevalle waar die skenker belas word, pleks van die begunstigde. Ek dink egter die belangrike punt is dat daar nie so iets is soos belastingvermyding met ’n trust nie – nie met binnelandse trusts of buitelandse trusts nie.

Daar is baie ander kwessies wat in ag geneem moet word met trusts, maar veral met buitelandse trusts. Dit is ’n baie komplekse onderwerp en deur jou aan die neus te laat lei met stories oor belastingvermyding, of selfs net belastingvoordele, is selde die volle waarheid.

’n Buitelandse trust kan wel met vrug aangewend word in boedelbeplanning met buitelandse bates. Dit kan veral van waarde wees in die hantering van buitelandse bates ná jou dood.

Maar soos ek altyd sê, gesels met kundiges voor jy jouself aan die neus laat lei.

**■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.